

11.1.1 APPÈL BR ASM VAN JAARVELD TEEN BESLUIT VAN DIE OOSTELIKE PARTIKULIERE SINODE GENEEM OP 22 NOVEMBER 2005 INSAKE AANSOEK KO, ART 4 (Artt 11, 138, 193)

Die Sinode gaan in camera.

- A. Oudl MJ Kruger stel namens br ASM van Jaarsveld die Appèl.
- B. Ds PJ van der Walt (Witrivier) gee toeligting namens Oostelike Part Sinode.
- C. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
- D. **Besluit:** Verwys na Appèlkommissie (Kommissie 2).
- E. Ds HJP de Beer rapporteer namens die Appèlkommissie.
- F. Geleentheid word gegee vir repliek deur die appellant.
- G. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Partikuliere Sinode.
- H. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Appèlkommissie.
- I. Die afgevaardigdes van die Oostelike Partikuliere Sinode neem nie aan die stemming deel nie.

J. APPÈL

1. Kennisgewing van Appèl

- 1.1 Op 24 November 2005 is die Deputate Korrespondensie van die Oostelike Partikuliere Sinode skriftelik in kennis gestel van die Appèl (Bylae 1).
- 1.2 Die Deputate Korrespondensie Nasionale Sinode is ook daarvan skriftelik kennis gegee (Bylae 2).

2. Offisiële redaksie

- 2.1 Die besluit en Kommissierapport van 22 November 2005 word hierby aangeheg (Bylae 3).

3. Gronde van Appèl

3.1 Onkerkordelik

- 3.1.1 My aansoek is in November 2001 deur die Partikuliere Sinode ontvanklik verklaar.
- 3.1.2 Daarna het ek suksesvol na die Nasionale Sinode 2003 geappelleer.
- 3.1.3 Op 22 November 2005 moes die Oostelike Partikuliere Sinode dus my aansoek ten volle hanteer.
- 3.1.4 In die lig van KO, artt 30 en 46 is daar versuim by die Partikuliere Sinode om aan my aansoek ten volle aandag te gee. Só is my reg gekrenk.

3.2 Onskriftuurlik, liefdeloos en onbroederlik

- 3.2.1 Die Bybel leer dat eer van Christus en sy Kerk te alle tye bevorder moet word (Fil 2:4-8; 1 Joh 1:3; 1 Kor 6:17; 1 Kor 12:26). Die optrede van Oostelike Partikuliere Sinode bevorder nie die eer van Christus en sy Kerk as dit op onskriftuurlike wyse gedoen word nie.
- 3.2.2 Die Bybel leer ons die liefde tot God en tot mekaar. Jesus vat die hele wet so saam. Die handeling van die Oostelike Partikuliere Sinode kom neer op liefdeloosheid en onbroederlikheid en daardeur word my reg gekrenk.

4. Beredenering Appèlgrond 1

- 4.1 Die handeling van die Partikuliere Sinode is onkerkordelik, omdat nie aan die besluit van die Nasionale Sinode 2003 gevolg word nie.
- 4.2 My aansoek volgens KO, art 4 kry na 6 jaar nie die aandag wat dit verdien nie, deurdat die besluit my aansoek summier stop. Dit is kerkordelik nie korrek nie en so word my reg gekrenk.
- 4.3 Die besluit hou nie rekening daarmee dat die Kerkraad Nigel ná 24 jaar eintlik geen getuienis kan lewer nie. Die positiewe getuienis wat die Kerkrade Warmbad en Nylstroom lewer waar ek die afgelope 12 jaar woon en werk, waar my leer en lewenswandel goed bekend is, word eenvoudig geïgnoreer.
- 4.4 Die besluit is onkerkordelik geneem sonder dat die Partikuliere Sinode Deputate met my en die Kerkraad 'n gesprekontmoeting (soos *hulle opdrag was*) bewerkstellig het. Die toepassing van die audiem et partem reël ontbreek en hulle opdrag was nie afgehandel, voordat die besluit deur die Partikuliere Sinode geneem is nie.

5. Beredenering van Appèlgrond 2

- 5.1 Die Kommissie wat die Partikuliere Sinode moes adviseer is deur die Deputate van Nigel gedreig met 'n Appèl, sou die Partikuliere Sinode verder aan my saak aandag gee. Onpartydigheid, volgens die Skrif, ontbreek dus by die neem van die besluit.
- 5.2 Male fide optrede teen 'n medegelowige is nie in lyn met die liefdesgebod (Matt 22:37-40) en Matteus 18 nie.
- 5.3 Die besluit tas die eer van Christus en sy Kerk aan. Daarin word my reg gekrenk want onskriftuurlike handeling kom gedurig voor.
- 5.4 Die besluit berus op 'n kwaadwillige siening van Kerkraad Nigel dat ek my na die wêreldlike hof gaan wend. Ek het van te vore skriftelik die Kerkraad daarvan verseker dat ek steeds die kerklike weg bewandel.
- 5.5 Dis nie kerkordelik korrek om op onbewese bewerings waaraan ek nog nooit skuldig bevind is, my aansoek KO, art 4 teen te staan. Hierdie verkeerde optrede van die Kerkraad het die Partikuliere Sinode 'n verkeerde besluit laat neem wat volgens die Negende Gebod daarop neerkom dat die Kerkraad saam met die Partikuliere Sinode, my ligvaardig en onverhoord oordeel of help veroordeel. Só word dan ook die eer van Christus en sy Kerk nie bevorder nie en my reg word daardeur ernstig gekrenk.
- 5.6 Die Kerkraad maak telkens die uitspraak, dat ek nie oor die nodige roepingsbewustheid, selfverloëning en volharding beskik nie. Dit is 'n eensydige uitspraak wat juis die uitspraak van Warmbad en Nylstroom weerspreek.

6. Agtergrond gegewens

- 6.1 Op 18 Mei 1999 doen ek aansoek om 'n aanbeveling by Kerkraad Nigel, waar ek uit die amp is (volgens Acta 1973:318).
- 6.2 Op 17 Augustus 1999 doen ek ook aansoek by die Klassis Brakpan, waar ek uit die amp is.
- 6.3 'n Appèl teen die besluit van die Kerkraad Nigel slaag nie op die Klassisvergadering van 16 Maart 2000 nie.
- 6.4 Op dié Klassis verneem ek vir die eerste maal van die talle klagtes wat die Kerkraad teen my het, nadat ek reeds uit die bediening is.
- 6.5 Ek ontmoet die Kerkraad hieroor op 14 Junie 2000. Die Kerkraad antwoord op 18 Junie 2000 dat ek (daarin geslaag het om) al die "*onafgehandelde sake*" tot

bevrediging van die Kerkraad hanteer het. Slegs een saak bly oor naamlik die besluit van die Kerkraad oor die Sewende en Negende Gebod.

- 6.6 'n Beëdigde verklaring van my suster word aan die Kerkraad gestuur om dié saak ook op te los.
- 6.7 Op 14 November 2000 slaag my Appèl ook nie by die Partikuliere Sinode nie.
- 6.8 Op 23 November 2000 neem Klassis Brakpan my Appèl nie eers ter tafel nie.
- 6.9 Op 7 Junie 2001 vind weer 'n ontmoeting met die Kerkraad plaas, om die een enkele uitstaande saak ook op te los. Ek verklaar daar dat ek my te alle tye aan die Kerkraad se besluit onderwerp en tog kry ek nie 'n positiewe aanbeveling nie.
- 6.10 Die Eksamendeputate vra op 22 Oktober 2001 drie preke (waaroor ek tot op hede nog geen terugvoer ontvang het nie).
- 6.11 Op 20 November 2001 dien 'n Rapport van die Regskommissie op die Partikuliere Sinode en op 19 November 2002 'n Beswaarskrif van oudl MJ Kruger en myself, wat nie slaag nie.
- 6.12 Op die Nasionale Sinode 2003 slaag ons Appèl teen die besluit van die Oostelike Partikuliere Sinode. Die konsekwensie van die besluit is, dat my saak de novo by Kerkraad Nigel moet begin.
- 6.13 Op 13, 23 en 31 Januarie 2003 wys ek die Kerkraad Nigel op die implikasie van die Sinodebesluit. Die brief van 19 Februarie 2003 getuig egter van totale onwilligheid om de novo met my aansoek te begin. Op 25 Februarie 2003 skryf ek weer aan die Kerkraad en versoek 'n gespreksontmoeting.
- 6.14 Op 13 Augustus 2003 het 'n baie onsuksesvolle ontmoeting plaasgevind. Op 11 September 2003 ontvang ek 'n brief waarin die Kerkraad totaal negatief is om de novo te begin.
- 6.15 Op 26 Augustus 2003 doen ek de novo aansoek by die Oostelike Partikuliere Sinode. Deputate word benoem om 'n gesprek tussen die Kerkraad en myself te bewerk en die saak voor die Maart 2004 Klassisvergadering af te handel.
- 6.16 Op 'n Partikuliere Sinode Contracta 16 November 2004 is oor my aansoek gehandel sonder dat ek teenwoordig was maar wel Klassis Brakpan! (Bylae 4).
- 6.17 Eers op 22 November 2005 het ek van dié vergadering kennis geneem en is ook deur die Partikuliere Sinode besluit (art 36) om my aansoek nie ter tafel te neem nie. Met hierdie agtergrondsfeite is regs krenking baie, baie duidelik.

7. Slot

Op grond van prinsipiële sake volg ek nou die kerklike weg van Appèl om sodoende die eer van Christus en sy Kerk te help bevorder en reg en geregtigheid aan myself te laat geskied.

NS: Hiermee gee ek volmag aan oudl MJ Kruger van Bronkhorstspruit om as my mond by die vergadering op te tree.

K. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Opdrag

Oorweeg die Appèl van br ASM van Jaarsveld teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regs krenking plaasgevind het.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 Werkswyse

2.1.1 Die betrokke Appèlskrif met sy Bylaes is bestudeer.

2.1.2 Die appellant se mond, br MJ Kruger sowel as die toeligers van Oostelike Partikuliere Sinode is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Tersaaklike historiese verloop

2.2.1 Br Van Jaarsveld meld op 20 November 2001 by Partikuliere Sinode Oos Transvaal met die nodige dokumente volgens die bepalinge van Sinodebesluit van 1973 aan (Acta, 1973:318, 3.2.2.3) met die versoek om volgens KO, art 4 geëksamineer en beroepbaar gestel te word.

2.2.2 Hierdie dokumentasie bevat egter skrywes van die Gereformeerde Kerk Nigel sowel as die Klassis Brakpan waarin hulle br ASM van Jaarsveld vir eksaminering en beroepbaarstelling nie aanbeveel nie.

2.2.3 Tydens hierdie vergadering word soos volg besluit: *“Dat die aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling deur br Van Jaarsveld nie toegestaan kan word nie, aangesien die meerderheid van die Kommissie nie oortuig kon word dat aan die riglyne van Sinode 1973 (Acta:318, 3.2.2.3 & 3.2.2.5) voldoen is nie, en verder oordeel dat sondevergifenis nie die gevolge van die sonde uitwis nie en dit daarom steeds die eer van God en die stigting van die Kerk in terme van artikels 79 en 80 KO in gedrang bring”.*

2.2.4 Na aanleiding van hierdie besluit appelleer Br Van Jaarsveld na die Sinode 2003 waar hy die volgende gronde vir sy beswaar aanvoer:

2.2.4.1 Die toepassing van die audi et alteram partem reël (dat ook die anderkant gehoor moet word) ontbreek by die besluitneming (2001 en 2002).

2.2.4.2 Die toepassing van die audi et alteram partem reël ontbreek by die aanbevelings van die kommissie pre-advies insake aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling (2001 en 2002).

2.2.4.3 Die audi et alteram partem reël is nie toegepas oor die aansoek self nie (2001 en 2002).

2.2.4.4 By die besluitneming van die Sinode is die beginsel van niemand mag regter in sy eie saak wees nie, nie gehandhaaf nie (2001 en 2002).

2.2.4.5 Die Sinode oordeel dat sondevergifenis nie die gevolge van sonde in hierdie spesifieke saak uitwis nie en dat die eer van God en die stigting van die kerk in gedrang kom (2001 en 2002).

2.2.4.6 Die toepassing van die audi et alteram partem reël ontbreek deurdat Br Kruger en Br Van Jaarsveld nie die geleentheid gebied is om die appèlkommissie toe te spreek nie.

(’n Sewende Appèlgrond is deur die appellant teruggetrek).

2.2.5 Die Sinode van 2003 besluit soos volg:

2.2.5.1 Appèlgrond 1 – Die Appèl slaag op hierdie grond.

2.2.5.2 Appèlgrond 2 – Die Appèl slaag op hierdie grond.

2.2.5.3 Appèlgrond 3 – Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

2.2.5.4 Appèlgrond 4 – Die Appèl slaag op hierdie grond.

2.2.5.5 Appèlgrond 5 – Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

2.2.5.6 Appèlgrond 6 – Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

2.2.6 Die Sinode besluit die Appèl slaag in sy geheel terwyl van die laaste punt van die Kommissierapport nl: *“5. Konsekwensie. Dat die hele aansoek van vooraf (de novo) begin by die Kerkraad van Nigel”* kennis geneem word.

- 2.2.7 Op 13, 23 en 31 Januarie 2003 wys die appellant die Kerkraad van Nigel, volgens sy oordeel, op die implikasie van die Sinodebesluit van 2003.
- 2.2.8 Op 19 Februarie 2003 ontvang die appellant 'n brief van die Kerkraad "*waarin die Kerkraad totaal negatief is om de novo te begin*" (vgl getuienis van appellant).
- 2.2.9 Op 25 Februarie 2003 rig die appellant 'n skrywe aan die Kerkraad van Nigel en versoek 'n gespreksontmoeting.
- 2.2.10 Op 13 Augustus 2003 vind 'n "*onsuksesvolle ontmoeting*" met die kerkraad plaas (vgl getuienis van appellant).
- 2.2.11 Op 11 September 2003 ontvang die appellant 'n brief waarin die Kerkraad "*totaal negatief is om de novo te begin*" (vgl getuienis van appellant).
- 2.2.12 Op 26 Augustus 2003 doen die appellant weer by die Oostelike Partikuliere Sinode aansoek (18/11/2003).
- 2.2.13 Br Van Jaarsveld stel sy aansoek (Notule Oostelike Partikuliere Sinode 2003, art 10 p.6).
- 2.2.14 Deputate word aangewys met opdrag om 'n gesprek tussen die appellant en die Kerkraad te bewerk en die saak van 'n aanbeveling so voor Maart 2004 af te handel.
- 2.2.15 Op 16 November 2004 word die Deputaterapport op 'n Partikuliere Sinode Contracta behandel terwyl die appellant volgens eie keuse nie teenwoordig was nie.
- 2.2.16 Op 22 November 2005 besluit die Partikuliere Sinode dat die appellant, br ASM van Jaarsveld se aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling nie ter tafel geneem kan word nie met motiverings nl: "1. Aangesien daar steeds nie 'n aanbeveling van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nigel is nie, is die aansoek onvolledig, 2. Dit was ook die uitgangspunt van Partikuliere Sinode 2003" (art 36 van Notule).
- 2.2.17 Die appellant appelleer teen die besluit van die Partikuliere Sinode na Sinode 2006.

Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Eerste Appèlgrond: Onkerkordelik*

3.1.1 Beredenering

Die appellant redeneer dat vanweë die feit dat sy Appèl by Sinode 2003 suksesvol was, die Oostelike Partikuliere Sinode sy aansoek onder KO, art 4 tot beroepbaarstelling, in die lig van KO, artikels 30 en 46 op 22 November 2005 ten volle moes hanteer het. Deur dit nie te doen nie was die Partikuliere Sinode onkerkordelik en is daar nie aan die besluit van Sinode 2003 gevolg gegee nie en is sy reg daardeur gekrenk.

Hier moet egter ingedagte gehou word dat die Appèl na die Sinode van 2003 oor twee sake gehandel het naamlik die toepassing van die audi et alteram partem reël en die Sinodebesluit van 1973 (Acta 2003:70, 2.3). Die twee Appèlgronde wat geslaag het handel albei oor die nie toepassing van die audi et alteram partem reël en die derde oor die feit dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie.

Hier is dus nie sprake dat Sinode 2003 in sy uitspraak bepaal het dat die aansoek van die appellant hanteer moet word nie, maar wel hoe dit moet gebeur (in ag genome die audi et alteram partem reël en dat partye nie regter in eie saak mag wees nie). 'n Verdere feit is dat die opmerking in die Rapport van die Sinode 2003

se Appèlkommissie aangaande 'n de novo aansoek as konsekwensie van die slaag van die Appèl nie deur die Sinode goedgekeur is nie maar slegs van kennis geneem is. Hier is dus in die eerste plek by die slaag van die Appèl nie sprake van 'n besluit deur Sinode 2003 dat die Partikuliere Sinode die aansoek van die appellant "ten volle" moet hanteer nie, maar wel uitspraak oor regskenking aangaande spesifieke sake (die audi et alteram partem reël en regter in eie saak). In die tweede plek is dit duidelik uit die stukke deur die appellant ingedien, maar ook getuienis en stukke van die Oostelike Partikuliere Sinode, dat die aansoek van br ASM van Jaarsveld wel tydens die sitting van die Partikuliere Sinode in 2005 hanteer is (Bylae 27, Notule 22 November 2005).

'n Verdere belangrike feit is dat met hierdie aansoek op hierdie vergadering geen aanbeveling van die Gereformeerde Kerk Nigel as deel van die aansoek gedien het nie. Nou redeneer die appellant dat die Kerkraad van Nigel na 24 jaar eintlik geen getuienis kan lewer nie en dat die getuienis van Kerkrade Warmbad en Nylstroom in berekening gebring behoort te word. Hy beweer die besluit wat die Partikuliere Sinode oor sy aansoek geneem het dat hulle dit geïgnoreer het deur steeds op 'n aanbeveling van Nigel aan te dring.

Die huidige toedrag van sake is egter dat die bepaling van Sinode 1973 "dat die Kerkraad waar die betrokke bedienaar uit diens is, 'n aanbeveling moet maak", steeds geld en kon die Partikuliere Sinode dit nie ignoreer en in eie reg die aanbevelings van die Kerkrade van Warmbad en Nylstroom in plek daarvan neem nie.

Die appellant redeneer ook dat die besluit van die Partikuliere Sinode onkerkordelik geneem was deurdat die gespreksontmoeting waarvan die Partikuliere Sinode self die opdraggewer was, nog nie plaasgevind het nie. Die Rapport van die Deputate, wat hierdie gespreksontmoeting moes gereël het, gee die pogings weer wat aangewend was om die gespreksontmoeting te laat realiseer, sowel as die vordering wat hulle glo tog deur hulle pogings op hierdie pad gemaak is. 'n Verdere besluit is ook geneem wat 'n gesprek in die vooruitsig gestel het (Bylae 4, Rapport 16 November 2004). Verder wil dit blyk dat daar wel 'n gesprek plaasgevind het volgens punt 2 van die Rapport van die Kommissie rakende die gesprek Gereformeerde Kerk Nigel en br ASM van Jaarsveld (Bylae 27 – 22 November 2005).

Verder is dit so dat br ASM van Jaarsveld se aansoek tot eksaminering en beroepbaarstelling by die Partikuliere Sinode van 2005 gedien het terwyl hy self bewus was van die stand rakende die gesprek tussen hom en Nigel. As dit (die feit dat die gesprek nog nie afgehandel was nie) dan 'n saak van onkerkordelikheid was, moes hy daar en dan sy aansoek teruggetrek het en nie toegelaat en meegewerk het in die verdere behandeling van die saak nie. Om by nabaat hierdie punt, nou dat die saak nie in sy guns afgeloop het nie, te wil aangryp, en te beweer dat die audi et alteram partem reël hierin nie nagekom is nie, dui op 'n inkonsekwensie. Immers, met hierdie Appèl poog hy om aan te toon dat regskenking plaasgevind het vanweë die feit dat hierdie proses ("onkerkordelike proses"), nie voortgegaan het nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Bevinding

Regskenking is nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 **Tweede Appèlgrond: Onskriftuurlik, liefdeloos en onbroederlik**

3.2.1 Beredenering

Die appellant stel dat die Bybel leer dat die eer van Christus en sy kerk ten alle tye bevorder moet word. Verder moet ook volgens die Bybel liefde tot God en tot mekaar bewys word. Die appellant beweer dat die Partikuliere Sinode 2005 deur sy besluit nie die eer van Christus en sy kerk bevorder het nie en dat sy handeling op liefdeloosheid en onbroederlikheid neerkom.

Dit sou die geval wees deurdadig dat die Partikuliere Sinode hom laat afdreig het deur 'n dreigement van 'n moontlike Appèl deur die Deputate van Nigel. Hierdie dreigement sou, so beweer die appellant die Partikuliere Sinode van sy onpartydigheid in sy besluit ontnem het. By die nagaan van die stukke (Appèlskrif, Notules en Bylaes) kon geen stawende getuienis vir hierdie dreigement van die Gereformeerde Kerk Nigel gevind word en die gevolglike ontneming van die Partikuliere Sinode se onpartydigheid in die neem van sy besluit nie. Duidelike motiverings word wel verskaf waarom die Sinode sy besluite geneem het (Notule Oostelike Partikuliere Sinode 2003, art 36, Bylae 27, 3.2 en 3.3 en 2.2.15 van hierdie Rapport).

Oor die bewering dat die Partikuliere Sinode hom laat beïnvloed het in sy besluit deur 'n kwaadwillig siening van Nigel dat die appellant hom tot 'n wêreldse hof sou wend, kan geen stawende getuienis gevind word in die stukke nie (Appèlskrif, Notules en Bylaes), alhoewel Bylae 4, punt 4 daarvan melding maak dat die appellant hom die reg tot 'n wêreldse hof voorbehou.

Die bewering dat hierdie kwaadwillige siening wat "Nigel sou huldig", die motivering vir die Partikuliere Sinode was tot die neem van sy besluit, word weerspreek deur die motivering wat die Sinode self verskaf nl: "aangesien daar steeds nie 'n aanbeveling van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nigel is nie (Sinode 1973:318, art 121, 3.2.2.5), is die aansoek onvolledig. Dit was ook die uitgangspunt van Partikuliere Sinode 2003, art 81 p.16" (Notule Oostelike Partikuliere Sinode 2003, art 36, Bylae 27, punt 3.2).

Oor die bewerings van liefdeloosheid en onbroederlikheid moet op die Bylae 4 van die Rapport van die Deputate insake gesprek tussen Kerkraad van Nigel en br ASM van Jaarsveld gelet word. Onder die punt "Uitgangspunt en oogmerk" word gestel dat die aangewysde Deputate ten doel het "om vas te stel wat in die weg staan van 'n positiewe aanbeveling tot eksaminering en om versoening tussen die partye te fasiliteer" (punt 2). Hierdie oogmerk het die Deputate van die Oostelike Partikuliere Sinode by verskillende geleenthede gepoog om te bereik tov Gereformeerde Kerk Nigel en br ASM van Jaarsveld (Notule Oostelike Partikuliere Sinode 2003, Bylae 4, punte 4, 5 en 6).

Hierdie Rapport bevestig duidelik die bedoeling van die Deputate en so die Partikuliere Sinode om vas te stel wat 'n aanbeveling tot eksaminering in die weg sou staan en om versoening tussen die genoemde partye te fasiliteer. Hierdie optrede weerspreek beweerde liefdeloosheid en onbroederlikheid.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Bevinding

Regskrenking is nie bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbeveling oor die Appèl in sy geheel

Die Appèl slaag nie op Appèlgrond 1 sowel as op Appèlgrond 2 nie en daarom slaag die Appèl in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode gaan uit camera.